Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

28 Augustus 2026
**NUUSBRIEF 26/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **RSD o.9 Rugbydag:** Ons is opgewonde oor ons o.9 rugbydag van **Saterdag, 29 Augustus** hier by ons skool. Dit gaan die eerste keer wees wat die graad 3 seuns op 'n volveld speel.

   Waaroor ons baie opgewonde is, is die feit dat al die wedstryde regstreeks op YouTube uitgesaai gaan word.

2. **Atletiek:** Dit is 'n nuwe seisoen en ons atlete moet nou weer begin aantree! Mnr. Brink oefen tans op **Dinsdae** en **Donderdae** vanaf **16:00** tot **17:00** met die groep. Ons doen voorseisoen-aktiwiteite vir kondisionering. Atlete is reeds geïdentifiseer (volgens vorige prestasies) vir MOONTLIKE deelname aan die Top 10 byeenkoms wat teen **einde Oktober** plaasvind en hulle moet asb. gereeld kom oefen. Ander atlete is steeds welkom om te kom oefen, want ons berei voor vir die volgende seisoen. Atlete wat in velditems presteer moet ook kom oefen, aangesien beter tegniek (wat ons in die vierde kwartaal oefen) nie alleen bydra tot hul prestasies nie. Daar is baie waarde in kondisionering - vir ALLE items. Ouers moet asb. help en hul kind aanmoedig om die oefeninge by te woon. Ons het baie talent onder ons leerders, maar nie almal kies om dit te gebruik en ontwikkel nie. **Die eerste stap is om by oefeninge op te daag!**

3. **Tennis:** Baie dankie aan **Langeberg Tennis Akademie** vir 'n baie lekker dag waar baie van ons skool se kinders en ouers lekker tennis kon speel. Ons is opgewonde oor Langeberg Tennis Akademie se betrokkenehid by HSB.

4. **Swem:** Dankie aan **Hennie de Wet** en sy helpers vir die gereed kry van die swembad. Ons sien uit na die somerseisoen!

5. **Sportfotos:** Let asb daarop dat die datum vir die neem van sportfoto's verander na **22 September.**

6. **BonGala Wenners:** Baie geluk aan **juf Chameron Mathys** was as beste Onderwyser aangewys is en aan **Luan du Toit** as Sportman van die Jaar. Baie dankie vir jul harde werk en toewyding. **HSB is geweldig trots!**

7. **Ratem Eisteddfod Musiek:** Baie geluk aan die volgende leerders met jul puik prestasies:

**Jana Carstens**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klavier: | Ligte Musiek | Goud+ | 90% | |
| | Klaviersolo | Goud++ | 92% | (en die Medalje vir Kategorie-wenner) |
| | Barokmusiek | Goud++ | 97% | (en die Medalje vir Kategorie-wenner) |
| | Blokfluit: | Silwer | 73% | |
| | | Goud | 80% | |
| | | Goud | 83% | |

**Lize-Marie van der Merwe**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klavier: | Ligte Musiek | Silwer | 74% | |
| | Klaviersolo | Goud | 87% | |
| | Barokmusiek | Goud+ | 94% | (en die Medalje vir Kategorie-wenner) |

**Wilhelm de Wet**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klavier: | Klaviersolo | Goud | 85% |
| | Barokmusiek | Goud+ | 93% |

**Karlien Louw**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klavier: | Klaviersolo | Goud | 86% |

**Peyton Kleinveldt**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klavier: | Klaviersolo | Goud++ | 95% |
| | Barokmusiek | Goud | 83% |

**Lunathi Mabuthile**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klavier: | Klaviersolo | Goud+ | 94% |
| | Barokmusiek | Goud | 88% |

**Inathi Mabuthile**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klavier: | Klaviersolo | Goud+ | 90% |

8. **Montagu Eisteddfod:** 'n Hele paar van ons Laerskoolleerders het aan die Montagu Eisteddfod deelgeneem en pragtige uitslae behaal. Ons spog graag met die volgende leerders:

**Graad 1**
Paige Bester - Goud
Ayla-Rose Neethling - Goud
Carli Gerber - Goud
Yamkela Jacobs - Goud
Milea van Dyk - Goud
Hunter Teubes - Goud

**Graad 2**
Azalea Baadjies - Goud
Juandré Rheeders - Goud
Wian Fourie - Goud
Lira Kleinveldt - Goud

**Graad 3**
Liana Rheeders - Goud
Lienke Gerber – Goud

**Graad 4**
Scarlet Visagie - Goud
Marlie Lombaard - Silwer

**Graad 5**
Martiney van Staden - Dubbelgoed
Mirye van Dyk - Dubbelgoud
Lambert van Heerden - Goud
Else-Mari Fourie - (Afr.) Dubbelgoud
(Eng.) Goud

**Graad 6**
Peyton Kleinveldt - Dubbelgoud
Emily Schoeman - Goud
Zandria van Dyk - (Eng.) Goud
Emma le Roux - Goud
Lize-Mari van der Merwe - (Afr.) Goud
(Eng.) Goud

**Die volgende leerders is gekies as beste Voordrag-item in hul verskeie ouderdomsgroepe:**

**Graad R – 3**
Ayla-Rose Neethling
Milea van Dyk
Lira Kleinveldt

**Graad 4 - 7**
Peyton Kleinveldt

9. **Uitkomtyd:** Skool kom vanaf volgende week op **Maandae 14h00** uit. Dinsdae - Vrydae bly gewone tyd.

   Saalperiode verval by HS omdat matrieks in saal eksamen skryf.

10. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 28 Aug | Gr.7 Uitstappie |
| Sa. 29 Aug | RSD o.9 Volveld Rugbydag |
| Vr. 4 Sep | Gr.3 Fondsinsameling<br>Gr.6 Uitstappie |
| Do. 10 Sep | Gr.3 Uitstappie |
| Vr. 11 Sep | Swellendam Aflosbyeenkoms |
| Sa. 12 Sep | Juf Adéle le Roux verjaar<br>Juf Lizaan Coetzee verjaar<br>Rugby o.11 & o.13 (7's) te Paul Roos |
| Vr. 18 Sep | Gr.1 & Gr.2 Uitstappie |
| Di. 22 Sep | Me Jamielee Fortuin verjaar<br>HSB Revue<br>Sportfoto's |
| Wo. 23 Sep | Gr.3 Entrepreneursdag<br>Skool sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

Om gewoon te wees is maklik.Wees anders!!!